

Saterdag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 70

Fokusgedeelte: Psalm 70 (die hele psalm, met die klem op die laaste vers)

God het die wêreld oorwin!

Psalm 70 is 'n gedig van Dawid ter *herinnering* van wat met hom gebeur het, maar ook om ander te herinner, selfs wat vir ons voorlê.

Die digter is in groot benoudheid en pleit dat God vinnig moet ingryp. “Kom tog gou na my toe, o God. U is my Hulp en Redder, Here, moet tog nie talm nie.” Wat die nood is, lei ons af in die volgende verse:

- “*laat dié wat my lewe wil neem ...*” As koning het Dawid vyande gehad, ook mense na aan hom, soos Saul en Absalom, sy seun.
- “*dié wat graag my ondergang wil sien ...*” Dink maar aan Agitofel wat hom in die rug gesteeke het (2 Sam. 16).
- “*dié wat met my spot ...*” soos Simeï (2 Sam. 16) toe Dawid voor Absalom gevlug het.

Dawid vra dat die teenstanders met wie hy in 'n stryd van lewe en dood gewikkel is, deur hulle eie planne ingehaal word. Jesus leer ons bid: “Vader, vergeef hulle ...”: laat hulle beskaamd staan en tot inkeer kom, jammer wees oor hulle dade en U aangesig soek.

Dan verander die digter se gebed: hy bid vir seën en uitkoms vir almal wat op die Here vertrou en hulle toevlug na Hom neem. Laat hulle bly wees en juig, dat hulle die eer aan God gee en altyddeur sê: Die Here is groot! In vers 6 bid die digter vir homself: hy voel hom hulpeloos en arm. Daarmee raak hy 'n belangrike saak aan, want die hulpelose en die arme voel hulleself diep afhanklik van God en hulle vertroue is op Hom alleen. Dit is inderdaad soos Jesus later in die Nuwe Testament sê: Geseënd is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is ... Aan hulle behoort die Koninkryk van God. Jesus het ons voorgestaan in vertrouensvolle afhanklikheid teenoor God.

Ons worstel ook dikwels in ons lewens met groot benoudheid, maar ons het 'n keuse! Dié Psalm is inderdaad 'n herinnering vir elke gelowige: In die wêreld sal julle dit moeilik hê. Maar onthou: Ek het die wêreld oorwin, en Ek is by elkeen wat weet hoe afhanklik hulle van God is. Ja, dit laat my vertrou, tot Hom bid ek en leef ek in vertroue!

Sing: Psalm-1 68:1, 9

Ds. DF Coetzee (Dawid) (Emeritus)